Wat kan jy vir Mamma en Pappa doen?

Soms voel jy so eensaam en eintlik in die pad wanneer dit nie goed gaan by die huis nie of wanneer Mamma en Pappa baklei. Is dit jou fout? Kan jy regtig iets doen om dinge te verander sodat dit met hulle beter kan gaan? Soms wil jy net vir hulle wys dat jy lief is vir hulle en dat jy hulle wil help met al die moeilike dinge wat hulle moet doen. Daar is iets wat jy kan doen wat baie kragtig is en wat sal werk: Jy kan jou Hemelse Vader vra om hulle te help. Jou gebede kan regtig hulle lewens verander, dit is een van die belangrikste dinge wat jy kan doen. Waarom begin jy nie om vir jou ouers saam met een van jou vriende wat jy kan vertrou, vir 5 minute van die skoolpouses te bid of in die aande voor etenstyd nie? Moenie wag tot jy gaan slaap nie, want dan is jy dalk te moeg om te bid. Hier is 5 dinge waarvoor jy kan bid:

1. **Eensaam...** Wanneer hulle baklei, voel hulle baie eensaam, veral as hulle kwaad gaan slaap. Elke keer as jy hulle hoor baklei, of as hulle ongelukkig is, gaan soek 'n plekkie waar jy 'n paar minute alleen met die Here kan wees en vra Sy hulp. Vra dat Jesus vir hulle vrede sal gee en dat hulle sal verstaan hoe lief Jesus hulle het.

2. **Bang...** In baie huise is geld 'n probleem. Party keer is daar nie genoeg geld nie. Vra jou Hemelse Vader om julle as 'n gesin te help. Onthou dat Jesus ons geleer het om te bid: Ons Vader wat in die hemel is, gee ons vandag ons daaglikse brood. Vra en jy sal sien hoe die Here in alles voorsien. En baie keer sal dit vir Mamma en Pappa help as jy na hulle toe gaan en vir hulle vra of jy vir hulle kan bid dat die Here in al hulle behoeftes sal voorsien.

3. **Kwaad vir jou...** Soms doen jy iets en jy besef na die tyd dit was verkeerd. Bid dat hulle jou sal help om die regte dinge te doen en jou die regte pad te wys. Bid en vra die Here om hulle te help om jou te vergewe en maak seker dat jy sê jy is jammer.

4. **Help...** As jou ouers by die huis kom, kyk of daar iets is waarmee jy hulle kan help. Soms kan jy aanbied om vir hulle 'n koppie koffie of tee te maak, die skottelgoed te was of die tafel af te vee. Vra vir die Here om vir jou klein dingetjies te wys wat hulle trots op jou sal maak en jou vir hulle 'n seën sal maak. As jy so na hulle toe uitreik, sal dit beslis hulle harte en gesindheid teenoor jou verander.

5. **Hulle verhouding...** Bid vir hulle om in vrede met mekaar te leef. Vra ook vir hulle om soms saam iets by die huis te doen as 'n gesin en bid dat die Here hulle gewillig sal maak om dit te doen. Sê vir hulle dat jy lief is vir hulle en dat jy tyd saam met hulle wil deurbring. Hulle besef nie altyd dat jy hulle nodig het nie.